# St. Anselm

## 21 April

(1033–1109)

Hy is by Aosta in Piedmont (Noord-Italië) gebore en tree as jongman in by die Benediktynse abdy van Le Bec in Normandië. Met groot ywer het hy hom toegelê op die kloosterlewe en dit blyk gou dat hy oor 'n merkwaardige intellek beskik. Hy onderrig sy medebroeders in die teologie en raak bekend as teoloog van formaat. Hy word aangestel as aartsbiskop van Kantelberg in Engeland. Hy verdedig die regte van die Kerk teen die magsvergrype van die koning en die adel en word tweekeer verban. Hy was 'n uiters begaafde skrywer en skryf verskillende werke met 'n mistiek-teologiese inhoud.



© Die Oratorium Uitgewery